# 13 Junie 2023 - Lesing 47 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geskeide wêrelde - Verskillende hemelliggame **–** 27/11/57

**NO: 6977** In die heelal sirkel ontelbare hemelliggame wat julle mense nie kan sien nie, wat almal vanuit die krag van die Liefde van God voortgekom het, dit wil sê, wat in hulle substansie eens uitgestraalde goddelike Liefdeskrag was, maar wat egter oorspronklik 'n ander bestemming gehad het. **Want hierdie uitgestraalde Liefdeskrag was wesens** wat volgens die Wil van God werksaam moes gewees het, wat hulself egter nie by hulle eintlike bestemming gehou het nie en hulle krag, wat hulle vanuit hulself gehad het, benut het **in 'n wil wat teen God gerig was. Hierdie wesens het hulself dus misvorm** tot skepsele met 'n geaardheid wat heeltemal teen God ingegaan het en kon nie in hulle misvorming bly bestaan nie, omdat dit in stryd was met die goddelike ordening.

**Daarom het God hierdie skepsele 'n ander vorm gegee**. Hy het hulle in ontelbare nietige kragvonkies opgelos en Hy het **nuwe skeppings** daaruit laat ontstaan van die mees verskillende aard. Die wat eens as selfbewuste wesens geskape was, was nou aanvanklik starre maaksels, wat God **die uiteenlopendste vorme en die grootste verskeidenheid in bestemming,** gebonde aan 'n doel, gegee het. Hy het eens deur Hom uitgestraalde Krag in spesiaal daarvoor geskape vorme versamel. **Hy skep kragtens Sy Wil ontelbare wêrelde wat eintlik almal dieselfde is, naamlik omgevormde geestelike wesens**, wie egter hulle oorspronklike vorm moes terugkry, maar daarvoor, vanuit die goddelike Wil opgelê, mekaar moes dien.

Al hierdie wêrelde staan in soverre met mekaar in verband, dat hulle dieselfde skeppende Gees as Vader het, dat hulle almal uit dieselfde Mag voortgekom het en almal ook as uiteindelike doel **weer die vereniging met hierdie skeppende Gees sal hê**. Een Wil regeer al hierdie wêrelde en één Krag behou hulle. Maar tog is dit verskillende wêrelde wat van mekaar geskei is en geeneen van die wêrelde kan met 'n ander in noue kontak tree nie, **want die basissubstansies van elke wêreld is apart** en is in ooreenstemming daarmee versamel en hierdie basissubstansies bestaan uit dit wat meer of minder aan God weerspannig geword het en het daarom ook die mees verskillende op sigself staande skeppings nodig om hulself weer te formeer om in die oertoestand binne te gaan.

**Elke hemelliggaam is daarom 'n aparte skeppingswerk**, alle hemelliggame is afwykend van mekaar in basissubstansie, skepping en bestemming. Want die Wil om vorm te gee van die ewige skeppende Gees is onbegrens, omdat ook Sy liefde en Sy Wysheid sonder grens is. En Sy laaste doel is om alle Krag wat eens van Hom uitgestraal het, **terug te wen as volmaakte kinders,** wat in gelyke wil met Hom kan skep en werk tot hulle begeerte en saligheid.

Die aarde is so 'n skeppingswerk wat God laat ontstaan het, met die doel dat wesens wat deur hul eie wil misvormd geword het, na 'n eindelose lang tyd weer hulself kan omvorm tot hulle oerwese. **Maar slegs die aarde bied die moontlikheid om die hoogste volmaaktheid te bereik,** terwyl die ander wêrelde deels:

1)al hoogs ontwikkelde wesens herberg,

2)deels onderwysinrigtinge is

vir sulke wesens met 'n ek-bewussyn wat nie die doel in hul lewe op aarde bereik het nie, maar tog 'n bepaalde graad van rypheid moet verkry en ook kan verkry, om hulle eintlike bestemming eendag te kan nakom.

Maar vir die bereiking van die hoogste doel is **slegs die aarde die aangewese skeppingswerk**, - daarom is 'n gang oor hierdie aarde dan ook baie moeiliker as 'n gang deur ander wêrelde.

Maar uiteindelik dien alle skeppings in die heelal maar net een doel, **- die terugbring van die eens van God afgevalle geestelike**.

En daarom sal elke skepping **ook streng afgesonderd van die ander bly,** omdat die ek-bewuste geestelike in elke wêreld in volledige wilsvryheid sy weg om homself te ontwikkel, moet aflê, maar dat hierdie wilsvryheid dadelik in gevaar sou wees, wanneer hy deur kontak van (ander) ek-bewuste wesens dwingende bewyse sou voordoen vir die heilsplan van God en die vrye strewe vanuit homself na volmaaktheid, daardeur teengegaan sou word.

**Geestelike verbindinge bestaan** weliswaar en kan aangeknoop word, maar dit oefen **geen geloofsdwang** uit op die ek-bewuste wesens van hierdie aarde nie, hulle kan geglo word of nie en dit sal ook slegs dan 'n seënryke invloed uitoefen, wanneer die wesens al 'n sekere toestand van rypheid bereik het, wanneer die mense op die aarde al die doel van hulle bestaan ingesien het en hulle hul hoogste doel wil bereik. Dan staan hulle al kort voor hulle voleinding en het hulle geen bewyse nodig nie, hulle glo ook sonder bewyse en strewe in vrye wil na hulle hereniging met God. Amein.